basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# ONTWERP

## EKSAMENRIGLYNE

## GRAAD 12

## 2021

**Hierdie riglyne bestaan uit 26 bladsye.**

**INHOUDSOPGAWE**


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 1:** | **INLEIDING** | **3** |
| **HOOFSTUK 2:** | **DOELSTELLINGS** | **3** |
| **HOOFSTUK 3:** | **ASSESSERING** | **4** |
| | 3.1 Assesseringsdoelstellings | 4 |
| | 3.2 Oorsig van onderwerpe | 4 |
| | 3.3 Formele assessering vir Graad 12 | 6 |
| | 3.4 Skedule vir skoolgebaseerde assessering (SBA) | 6 |
| | 3.5 Kognitiewe vlakke | 7 |
| | 3.6 Eksterne eksamens | 7 |
| **HOOFSTUK 4:** | **VAKINHOUD** | **8** |
| | 4.1 Vraestel 1: Ontwerp in konteks (Onderwerp 3) | 8 |
| | 4.2 Vraestel 2: Prakties (Onderwerp 1 en 2) | 13 |
| | 4.3 Retrospektiewe uitstalling | 15 |
| **HOOFSTUK 5:** | **ALGEMENE VAKINLIGTING** | **17** |
| | 5.1 Verduideliking van terminologie | 17 |
| | 5.2 Hulpbronne | 18 |
| **HOOFSTUK 6:** | **TOETSVORMS EN NASIENRIGLYNE** | **20** |
| | 6.1 Vorme van toetsing | 20 |
| | 6.2 Algemene riglyne vir nasien | 20 |
| **BYLAE A:** | **VERKLARING VAN EGTHEID** | **21** |
| **BYLAE B:** | **RUBRIEK VIR DIE RETROSPEKTIEWE UITSTALLING** | **22** |

## HOOFSTUK 1: INLEIDING

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Ontwerp beskryf die aard en doel van die vak Ontwerp. Dit lei die filosofie onderliggend aan die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Seniorsertifikaat (NSS)-eksamen in Ontwerp geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die skoolgebaseerde assessering (SBA), praktiese assesseringstake (PAT'e) of finale eksterne praktiese eksamens, wat in 'n aparte PAT-dokument verduidelik word en elke jaar opgedateer word, nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)*: *GRAAD 12 Wysigings 14 Desember 2020*), Verkorte Afdeling 4 I Kunstevakke: Ontwerp
- Die Nasionale Protokol vir Assessering: *'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R–12

## HOOFSTUK 2: DOELSTELLINGS

Hierdie riglyne is ontwerp om lig te werp op die inhoud soos voorskryf in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Ontwerp. Dit gee ook 'n oorsig oor die spesifieke doelwitte van elke onderwerp wat in die sillabus genoem word. Buiten die graad 12-materiaal, word aanvaar dat kandidate kennis en begrip van die inhoud het wat vir graad 10 en 11 uiteengesit word.

In graad 12 poog Ontwerp-leerders om:
- Die vermoë te ontwikkel om te kan analiseer en artikuleer, vindingryk en innoverend te wees, asook visuele taal te kan bou
- Kennis, tegniese vermoëns en vaardighede in die konseptualisering, produksie en konteks van ontwerp te ontwikkel
- Materiale, prosesse en tegnieke doeltreffend, ekonomiese, veilig en verantwoordelik te verken en manipuleer
- Hulle eie werk, en dié van ander, krities te beoordeel
- Te verstaan dat ontwerp 'n instrument vir sosiale/maatskaplike verandering kan wees deur lewensgehalte te verbeter en oplossings te bied in antwoord op individuele en gemeenskapsbehoeftes
- Die sosiokulturele, omgewings- en historiese bydrae van ontwerp tot ekonomiese groei, entrepreneurskap en volhoubaarheid te verstaan
- 'n Bewustheid van loopbaangeleenthede in die ontwerpbedryf te ontwikkel
- Hulle eie werkproses en tyd doeltreffend te bestuur
- Aanbiedings- en kommunikasievaardighede te ontwikkel om ontwerpkonsepte akkuraat oor te dra
- Die ontwerp, kuns en kunsvlyt van Suid-Afrikaanse en internasionale kulture van die verlede en die hede te erken en daaroor te besin

## HOOFSTUK 3: ASSESSERING

### 3.1 Doelwitte van assessering

Soos uiteengesit in die KABV-dokument, is die doelwit van assessering om:
- Die onderwyser in staat te stel om 'n leerder se vordering betroubaar te meet
- Leerders oor hulle sterk punte, swak punte en vordering in te lig
- Onderwysers, ouers en ander belanghebbendes te help om besluite oor die leerproses en leerders en vordering te neem

Die bereiking van hierdie doelwitte sal bepaal word deur die assessering van sekere minimum vaardighede en bevoegdhede, soos dié wat hieronder uiteengesit is, aan die einde van die Ontwerpkursus vir graad 12.

### 3.2 Oorsig van onderwerpe

| **Graad 12: Oorsig van onderwerpe** |
|---|
| **Onderwerp 1: Ontwerpproses en beïnvloedingsfaktore** |
| **Proses**<br>Toon 'n deeglike begrip van die interafhanklike aard van die beplannings-, aksie- en besinningsiklus wat die ontwerpproses toelig:<br>• Werk vanaf 'n opdrag of identifiseer 'n behoefte, 'n probleem of 'n geleentheid<br>• Ondersoek die konteks<br>• Ontwikkel idees en ondersoek verskillende benaderings en metodes<br>• Ondersoek die gebruik van gepaste materiaal en produksietegnieke<br>• Produseer voorbeelde, prototipes of makette (skaalmodelle)<br>• Evalueer die idees wat ontwikkel is en kies die beste oplossing<br>• Doen kennis en waardering op oor ontwerp as 'n kragtige instrument van verandering om lewensgehalte te verbeter<br><br>**Beïnvloedingsfaktore**<br>• Kennis en 'n bewustheid van estetika en funksionaliteit, tendense en markte<br>• Kennis van die verskil tussen ontwerp vir 'n behoefte en ontwerp vir 'n gehoor met 'n gebruikskonteks<br>• Kennis en 'n waardering van verantwoordelike ontwerppraktyk<br>• Volgehoue ontwikkeling van **tekenvaardighede**<br><br>**Ontwerp in 'n besigheidskonteks: Navorsing**<br>Hierdie gedeelte moet met die praktiese opdrag of opdrag geïntegreer word en ook as deel van die proses gesien word (Onderwerp 1). Die besigheidskonteksnavorsing moet 'n direkte skakel met elke praktiese taak hê. Daar word van leerders verwag om hul navorsing te doen oor die produkkeuse wat hulle gemaak het.<br><br>Dit moet bestaan uit:<br>• Onderwerp en inleiding tot besigheidskonteks<br>• Inhoud 4–8 bladsye, aan beide kante van 'n A4-grootte bladsy<br>• Gevolgtrekking<br>• Gedetailleerde bibliografie (bv. titel onderstreep, outeur(s) tussen hakies, uitgewer, publikasiedatum, webskakel, blog en datum, ens.)<br>• Etikette om alle visuele materiaal te vergesel (titel, gebruikte materiaal, naam van ontwerper, land tussen hakies, datum)<br><br>Die inhoud van hierdie **besigheidskonteksnavorsing** in elke Onderwerp 1-taak moet sommige of al die inhoud hieronder bevat:<br>• Definieer jou teikenmark. Verduidelik waarom jy dit gekies het.<br>• Bespreek die neigings wat jou beïnvloed het.<br>• 'n Toepaslike plaaslike of internasionale gevallestudie.<br>• Visuele handelsware van jou produk.<br>• Verduidelik hoe jy hierdie produk sou bemark. Skep EEN van die volgende bemarkingsvorms: visitekaartjie, strooibiljet, plakkaat, advertensie vir plaaslike koerant, Facebook-bladsy, ens.<br>• Maak 'n lys van al die benodigde materiaal, die naam en kontakbesonderhede van jou verskaffers en die koste van al jou materiaal. Werk ook moontlike ander koste uit, soos elektrisiteit, ens. |

- Moontlike mededingers, beskryf hul produkte en waarom jy hom/haar as mededingers beskou.
- Ondersoek potensiële markte vir jou produkte.
- Ondersoek potensiële finansieringsopsies vir jou besigheid.
- Ondersoek tersiêre en loopbaangeleenthede in jou ontwerpprodukkeuse: reeks omvang, opleiding benodig en opleiding beskikbaar
- Hoe sou jy jou produk of diens vir jou beoogde teikenmark verpak en/of adverteer?

## Onderwerp 2: Ontwerpproduksie, tydsbestuur en veilige praktyk

**Ontwerpproduksie – die maak en aanbieding van die produk**

- Pas die ontwerpproses toe en verskaf bewyse. (Die finale produk/oplossing moet duidelike bewyse van die ontwerpproses en toepaslikheid ten opsigte van die opdrag/probleem toon.)
- Toon bevoegdheid in materiaal en tegnieke wat gekies is om ontwerpoplossing te skep.
- Aanbieding en effektiewe kommunikasie van 'n ontwerpoplossing.
- Interpreteer, gebruik en verduidelik die keuse van ontwerpelemente, beginsels en materiale in die finale produk, diens of omgewing.

**Tydsbestuur**

- Selfdissipline
- Beplanning, organisasie en bestuur van eie werk
- Hou by die tydskedule en sperdatums

**Veilige praktyk**

- Veilige werkspraktyk te alle tye in die gebruik van materiaal en toerusting
- Begrip en toepassing van die gesondheids- en omgewingsimplikasies wat verband hou met die gebruik van materiaal

## Onderwerp 3: Ontwerpteorie:

- **Ontwerpgeletterdheid**
- **Geskiedenis van ontwerp**
- **Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubaarheidskonteks**

**AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID**

- Analise van ongesiene voorbeelde. Pas die teorie en die terminologie wat die ontwerp ten grondslag lê en beskryf, met selfvertroue toe.
- Verstaan en interpreteer tekens en simbole, stereotipering, vooroordeel en vooroordeel in Ontwerp
- Kommunikasie deur middel van Ontwerp
- Vergelyking tussen Suid-Afrikaanse en Internasionale ontwerp (ongesien)
- Vergelyking tussen Klassieke Argitektuur en Kontemporêre Argitektuur **OF** vergelyking tussen Klassieke Argitektuur en Inheemse Afrika-argitektuur (Hierdie studiebundel is verpligtend.)

**AFDELING B: GESKIEDENIS VAN ONTWERP**

- 'n Grondige kennis van die historiese ontwikkeling, doelstellings, kenmerke en invloede van die Ontwerpgeskiedenis-bewegings hieronder word verwag:

**Tien sleutelbewegings vir Ontwerpgeskiedenis om vir graad 12 te bestudeer:**

- Kuns en Kunsvlyt
- Art Nouveau
- Art Deco
- De Stijl
- Bauhaus
- Modernisme
- Skandinawies
- Popkuns
- Postmodernisme
- Dekonstruktivisme

- Bespreek TWEE bewegings/style (ten minste EEN ontwerper en sy/haar ontwerp uit elke beweging/styl hierbo genoem).
- Beantwoord 'n vergelykende vraag gebaseer op TWEE bewegings wat nie in die opstel geassesseer is nie.
- Voorafgaande kennis van graad 10 en 11 is nodig om sommige van die vrae te interpreteer en te beantwoord.

**AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS**

- Toon 'n begrip van die ontwerper se verantwoordelikhede in verband met omgewingskwessies en volhoubare ontwerp.
- Bestudeer DRIE twee- en/of driedimensionele kontemporêre Suid-Afrikaanse en Afrika-kunsvlyt-ontwerpers, van die verlede en die hede (kan kunsvlytsentrums en gemeenskapsprojekte insluit), en toon begrip van die maniere waarop hierdie ontwerpe gebruik kan word om sosiale/maatskaplike, kulturele, omgewings- en etiese kwessies te versterk of uit te daag. EEN van hierdie ontwerpers of ontwerpgroepe moet SOSIALE/MAATSKAPLIKE EN/OF KULTURELE kwessies hanteer en EEN moet OMGEWINGSKWESSIES aanpak. Die derde ontwerper moet die invloed van inheemse kennisstelsels/kunsvlyt toon. (KWARTAAL 2)
- Bestudeer TWEE kontemporêre BEKROONDE internasionale ontwerpers. EEN moet SOSIALE/ MAATSKAPLIKE EN/OF KULTURELE kwessies hanteer en EEN moet OMGEWINGSKWESSIES aanpak. (KWARTAAL 3)

## 3.3 Formele assessering vir graad 12

| **FORMELE ASSESSERING VIR GRAAD 12** | | | |
|---|---|---|---|
| **SGA (25%)** | **Eksterne eksamen (75%)** | | |
| | **Retrospektiewe uitstalling** | **Jaareindeksamen (50%)** | |
| **25%** | **25%** | **25%** | **25%** |
| • 2 PAT'e (Werkboek/Prosesboek): **100 x 2**<br>• 1 Teorietoets: **50**<br>• Junie-teorie-ekamen: **100**<br>• Rekord-teorie-eksamen: **100/2: 50**<br><br>4**00 verwerk na 100 (SGA)** | • Uitstalling/Aanbieding van twee PAT-produkte (en een graad 11-werk opsioneel) ekstern geassesseer: **50**<br>• PAT 1- & PAT 2-produkte intern geassesseer: **50**<br><br>**TOTAAL UITSTALLING: 100** | Vraestel 1: Geskrewe Eksamen<br><br>3 uur<br><br>**100** | Vraestel 2: Praktiese Eksamen<br>Proses: **50**<br>Produk 24 uur (benaderd): **50**<br>**TOTAAL V2 Praktiese Eksamen: 100** |

Aan die einde van graad 12 sal Ontwerp-leerders soos volg nagesien word:

| | | |
|---|---|---|
| • **SGA-punt:** | PAT 1 & 2, Kwartaal 1-toets, Junie- & Rekord-teorie-eksamen | **100** |
| • **Retrospektiewe uitstalling:** | 2 PAT-produkte + opsioneel: een werk van graad 11 | **100** |
| • **Praktiese eksamen:** | Prosesboek en produk, ekstern opgestel | **100** |
| • **Teorie-eksamen:** | Ekstern opgestel en nagesien | **100** |
| | | **400** |

## 3.4 Skedule vir skoolgebaseerde assessering (SGA)

Alle SGA-take moet intern gemodereer word. Provinsiale en nasionale moderering sal deur die Departement van Basiese Onderwys (DBE) en/of die onderskeie provinsiale onderwys-departemente (POD's/'PEDs') gedoen word. Hierdie proses sal deur die POD's bestuur word.

| **Kwartaal 1:** | **Kwartaal 2:** | **Kwartaal 3:** |
|---|---|---|
| 1 PAT (100) – ingesluit 10 punte Besigheidstaak<br>1 Teorie-toets (50) | 1 PAT (100) – ingesluit 10 punte Besigheidstaak<br>1 Teorie-eksamen (100) | 1 Rekord-teorie-eksamen (100) (verwerk na 50) |

**Raadpleeg die RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE vir meer inligting.**

Kopiereg voorbehou 

### 3.5 Kognitiewe vlakke

| Kognitiewe vlak | Persentasie |
|---|---|
| Laer orde: kennis | 30 |
| Middelorde: begrip en toepassing | 40 |
| Hoër orde: ontleding, evaluering en sintese | 30 |

| KENNIS | BEGRIP | TOEPASSING |
|---|---|---|
| vertel, maak 'n lys, skryf, vind, beskryf, noem, ens. | verduidelik, interpreteer, bespreek, onderskei, gee 'n oorsig, ens. | los op, toon, gebruik, illustreer, klassifiseer, konstrueer, ondersoek, ens. |
| **ONTLEDING/ANALISE** | **EVALUERING** | **SINTESE** |
| ontleed/analiseer, vergelyk, ondersoek, kategoriseer, identifiseer, verduidelik, ens. | oordeel, besluit, motiveer, debatteer, beveel aan, prioritiseer, argumenteer, ens. | skep, vind uit, beplan, voorspel, ontwerp, stel voor, formuleer, ens. |

**Toetse en eksamens**

- 'n Toets vir formele assessering moet nie uit 'n reeks klein toetsies bestaan nie, maar eerder uit een toets wat 'n beduidende gedeelte van die inhoud bevat en die duur moet 45 tot 60 minute wees.
- Oopboektoetse kan ook opgestel word. Dit vereis van leerders om inligting te soek. Leerders se begrip van die leermateriaal word getoets, en nie hul oorskryfvaardigheid nie. Oopboektoetse moenie net kortvrae insluit nie. Leerders moet langer, besinnende antwoorde, soos paragraaftipe antwoorde op 'n gegewe scenario, skryf, of paragrawe wat redes en ondersteunende bewyse/argumente wat noodsaaklik is, gee.
- Elke toets, oopboektoets en eksamen moet voorsiening maak vir 'n reeks kognitiewe vlakke en moet ook paragraaftipe antwoorde insluit.
- Vrae moet ongesiene visuele beelde insluit om leerders se visuele ontledingsvaardighede te toets. Hierdie beelde moet verband hou met die Suid-Afrikaanse en internasionale ontwerpe/ bewegings/beskawings wat hulle bestudeer het.

### 3.6 Eksterne eksamens

Alle Ontwerp-kandidate sal twee eksterne vraestelle voltooi, soos voorgeskryf:

| Vraestel | Tipe vraestel | Duur | Totaal | Datum | Nasien |
|---|---|---|---|---|---|
| **1** | **Teorie** | 3 uur | 100 | Oktober/November | Ekstern |
| **2** | **Prakties** | **Proses:** Kwartaal 3 **Produk:** Maksimum 24 uur | 100 | Oktober/November | Ekstern |

Kopiereg voorbehou 

## HOOFSTUK 4: VAKINHOUD

### 4.1 VRAESTEL 1: ONTWERP IN KONTEKS (Onderwerp 3)

**Riglyne**

Die DBE stel die geskrewe eksamen op oor voorgeskrewe inhoud wat gedurende die jaar onderrig is.

Die **eksamenformaat** sal uit die volgende bestaan:
1. Daar is **SES** vrae in die vraestel wat beantwoord moet word.
2. Daar is keuses binne sommige vrae in die vraestel. Die opsies moet aandagtig gelees word.
3. Die vraestel is in DRIE afdelings verdeel:

**AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID [30]**

**VRAAG 1 (Keuse tussen VRAAG 1.1 en VRAAG 1.2): Ontleding van ongesiene voorbeelde – SUID-AFRIKAANS EN/OF INTERNASIONAAL**

Hierdie vraag toets die leerder se vermoë om voorbeelde van ontwerp in enige kategorie of dissipline te ontleed/krities daarmee te werk, deur te verwys na:
- Die gebruik van die elemente en beginsels van ontwerp. Leerders moet kan verduidelik hoe elke element of beginsel gebruik is en hoe die gebruik daarvan die 'voorkoms en gevoel' ('look and feel') van die ontwerp beïnvloed. 'n Beskrywing van die element is nie genoeg nie (bv. 'die lyne is organies' is 'n waarneming of beskrywing). Daar sal van leerders verwag word om uit te brei oor die effek van hierdie tipe lyn in die geheel, bv. 'die gebruik van organiese lyne suggereer beweging en vloei'.
- Algemene en hedendaagse ontwerpterme en -begrippe, asook terme en begrippe wat tydens die studie van ontwerpgeskiedenis behandel is (bv. leerders moet ongesiene ontwerpe met betrekking tot terme en begrippe [geassosieer met ontwerpbewegings of -style deur die jare] soos funksionalisme, minimalisme, eklektisisme, avant garde, anti-ontwerp ('anti-design'), 'hard edge', biomorfisme, popkultuur, subkulture, geslagspesifiek, eksklusiwiteit, ens. kan bespreek).
- Hedendaagse ontwerpkwessies, bv. hoe die gebruik van inheemse kunsvlytstelsels in kontemporêre ontwerp 'n gevoel van erfenistrots skep ('Trots Suid-Afrikaans'), hoe mensgerigte ontwerp mense se ervaring en lewensgehalte kan verbeter, kuns- en kunsvlytdebatte, handgemaak of masjiengemaak, hernuwe ('upcycle') teenoor herwin ('recycle'), funksionalisme teenoor dekoratief, minder is meer ('less is more') teenoor minder is vervelig ('less is a bore').
- 'n Keuse kan gegee word tussen die ontleding van 'n tweedimensionele ontwerp of 'n driedimensionele ontwerp.

**VRAAG 2: Kommunikasie deur ontwerp en vergelyking tussen Suid-Afrikaanse en Internasionale ontwerp (ongesien) – SUID-AFRIKAANS EN/OF INTERNASIONAAL**

Hierdie vraag toets die leerders se vermoë om boodskappe te verstaan wat deur ontwerpe oorgedra word. Leerders moet:
- Algemene simbole in die konteks van die ontwerp kan 'lees'
- Die gebruik van stereotipes, vooroordeel, diskriminasie en onderliggende boodskappe krities kan evalueer
- Die 'boodskap' van 'n ontwerp kan verduidelik en in staat wees om hierdie verduideliking met duidelike verwysings na die ontwerp te ondersteun
- Die leerders se begrip van die bande tussen Internasionale en Suid-Afrikaanse ontwerp sal getoets word. Hulle moet die invloed van Suid-Afrikaanse en Afrika-ontwerp op internasionale ontwerp kan raaksien, en andersom. Inheemse kennisstelsels kan ook hier gebruik word. Dit is 'n hoërordevraag en die vermoë om een toepaslike eienskap of aspek op 'n slag te isoleer (bv. materiaal en tegniek) en om die gebruik daarvan in beide ontwerpe te bespreek (m.a.w. uitwysing van ooreenkomste en verskille) word verwag.

**Aanbevole bronne en LOOM:**
- Vorige vraestelle
- Kontemporêre ontwerptydskrifte – beide Suid-Afrikaans en internasionaal
- Die internet
- Enige ander beskikbare hulpbronne

**VRAAG 3: Vergelyking tussen Klassieke Argitektuur en Kontemporêre Argitektuur OF vergelyking tussen Klassieke Argitektuur en Inheemse Afrika-argitektuur (Hierdie studiebundel is VERPLIGTEND.)**

**Aanbevole bronne en LOOM:**
- Vorige vraestelle
- Kontemporêre ontwerptydskrifte – beide Suid-Afrikaans en internasionaal
- Die internet
- Enige ander beskikbare hulpbronne

**AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS [30]**

**VRAAG 4: Ontwerpgeskiedenis**

Hierdie vraag sal in TWEE onderafdelings verdeel word:

- VRAAG 4.1: Bespreek TWEE bewegings/style vir die vraestel (ten minste EEN ontwerp en ontwerper uit elke beweging/styl).
- VRAAG 4.2: Beantwoord 'n vergelykende vraag gebaseer op TWEE bewegings wat nie in die opstel van VRAAG 4.2 geassesseer is nie.

Punte sal toegeken word vir laerordevrae soos die opnoem van die DOELWITTE, INVLOEDE en STILISTIESE EIENSKAPPE van elk van die ontwerpbewegings wat bestudeer moet word. 'n Maksimum van 3 uit 10 kan vir suiwer opnoem ('recall') toegeken word.

Leerders moet in staat wees om na ten minste EEN ontwerper of ontwerp vir elke beweging te verwys om hierdie doelwitte, eienskappe, ens. te verduidelik. Indien hulle dit met verwysing na 'n werk kan verduidelik, kan hulle meer punte verdien ('n maksimum van 7 uit 10, ingesluit 3 vir opnoem), omdat dit dan in die middel- kognitiewe orde van vrae sal val.

Hoërordevrae sal ook gevra word, bv. kandidate moet twee van hierdie bewegings kan VERGELYK om ooreenkomste en verskille uit te wys en moet ook die waarde/bydrae van elke beweging tot die ontwikkeling van ontwerp kan verduidelik. Vrae wat van leerders verwag om op 'n stelling te reageer en om die stelling met een of meer bewegings te verbind, kan oor verwag word. Dit is belangrik dat die antwoord direk met die stelling moet skakel en dat leerders dit moet oefen. Indien 'n leerder nie hierdie hoërordevrae goed genoeg geantwoord het nie, mag 'n maksimum van 7 uit 10 punte toegeken word.

Vergelykings moet in opstelvorm beantwoord word.

Ongesiene voorbeelde van Suid-Afrikaanse ontwerp (van die verlede en die hede) kan gegee word en leerders moet die invloed van geskiedkundige ontwerpbewegings op hierdie ontwerpe kan uitken en verduidelik.

**Aanbevole hulpbronne en LOOM:**
- Voorgeskrewe handboeke
- Vorige vraestelle
- Kontemporêre ontwerptydskrifte – beide Suid-Afrikaans en internasionaal
- Die internet
- Enige ander beskikbare bronne

**AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBAARHEIDS-KONTEKS [40]**

**VRAAG 5: Ontwerp en sosiokulturele kwessies**

**Hierdie vraag kan bestaan uit TWEE keuses, naamlik VRAAG 5.1 en VRAAG 5.2.**

Leerders moet die verskil tussen kunsvlyt en ontwerp verstaan en moet die waarde van INHEEMSE KENNISSTELSELS in die algemeen en in Suid-Afrikaanse kontemporêre ontwerp kan verduidelik.

Hierdie vraag vereis van leerders om die DOELWITTE, INVLOEDE/OORSPRONG en EIENSKAPPE van DRIE kontemporêre Suid-Afrikaanse ONTWERPERS of ONTWERPGROEPE te ken, asook ten minste EEN ontwerp deur elk wat hulle styl duidelik uitbeeld. Daar word aanbeveel dat EEN 'n tradisionele/inheemse kunsvlytkunstenaar of -groep is, EEN 'n kontemporêre ontwerper of ontwerpgroep is wat deur hierdie tradisionele kunsvlyt geïnspireer is, en EEN 'n kontemporêre ontwerper of groep wat SOSIALE/MAATSKAPLIKE/KULTURELE verantwoordelikheid toon, bv. die gebruik van kunsvlyt om te bemagtig. **Die werk van ten minste EEN van hierdie onwerper/groep moet SOSIALE/MAATSKAPLIKE/KULTURELE verantwoordelikheid toon.**

Leerders moet die verskil tussen kunsvlyt en ontwerp verstaan en moet die waarde van INHEEMSE KENNISSTELSELS in die algemeen en aan die Suid-Afrikaanse kontemporêre ontwerp kan verklaar.

- Suid-Afrikaanse tradisionele kunsvlyt: Daar word aanbeveel dat leerders die metode/ materiaal/geskiedenis van 'n Suid-Afrikaanse tradisionele kunsvlyt moet ken. Dit is noodsaaklik dat hulle weet wat die waarde is en hoe dit die hedendaagse ontwerper beïnvloed/ inspireer.
- Sosiale verantwoordelikheid: Daar word aanbeveel dat leerders 'n maatskaplike verantwoordelike ontwerper/groep ken vir beide VRAAG 5.1 EN VRAAG 5.2 (aangesien VRAAG 5.2 fokus op Suid-Afrikaanse tradisionele kunsvlyt en 'n kontemporêre ontwerper, terwyl VRAAG 5.1 internasionale sowel as Suid-Afrikaanse ontwerpers insluit).

Leerders moet ook EEN BEKROONDE KONTEMPORÊRE INTERNASIONALE ONTWERPER ken wie se werk SOSIALE/MAATSKAPLIKE/KULTURELE verantwoordelikheid toon.

Leerders moet begrip toon van hoe ontwerp gebruik kan word om bewustheid te skep van plaaslike, streeks- en nasionale sosiale/maatskaplike kwessies, om ander op te hef en om boodskappe van sosiale/maatskaplike verantwoordelikheid oor te dra. Hulle moet begrippe verstaan en ken en moet toepaslike en gepaste terminologie, soos bemagtiging, vaardigheidsopleiding, NRO, gemeenskapsbewussyn, kulturele identiteit, ens. ken en kan gebruik. Ongesiene voorbeelde kan gegee word wat op grond van hul vlak van omgewingsverantwoordelikheid ontleed moet word.

**Aanbevole hulpbronne en LOOM:**

- Vorige vraestelle
- Kontemporêre ontwerptydskrifte – beide Suid-Afrikaans en internasionaal
- Die internet
- Voorgeskrewe handboeke
- Ander beskikbare bronne

**VRAAG 6: Ontwerp en omgewings-/volhoubaarheidskwessies**

Hierdie vraag vereis van leerders om ten volle bewus te wees van aktuele omgewingskwessies en om ook bewus te wees van hoe ontwerp gebruik kan word om tot die oplossing van hierdie probleme by te dra. Hulle moet ontwerpers se verantwoordelikheid met betrekking tot materiaal en produksiemetodes kan verduidelik en moet kan verduidelik wanneer onverantwoordelike keuses gemaak is. Ongesiene voorbeelde kan gegee word, wat ontleed moet word vir hul vlak van omgewingsverantwoordelikheid.

Kopiereg voorbehou 

Leerders moet al die toepaslike terme ken om vrae oor omgewingskwessies te verstaan en om goeie antwoorde te kan gee (bv. eko-bewustheid, groen, volhoubaar, kweekhuiseffek, bioafbreekbaar, toksiese afval, stortingsterreine, koolstofspoor, herwinning, hergebruik, mensgerigtheid)

Daar word van leerders verwag om die DOELWITTE, INVLOEDE en EIENSKAPPE van ten minste EEN KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE ontwerper en ten minste EEN BEKROONDE KONTEMPORÊRE INTERNASIONALE ontwerper te ken wie se werk OMGEWINGSKWESSIES probeer oplos. Vir elke ontwerper moet die leerders ten minste EEN ontwerp ken wat omgewingsverantwoordelikheid duidelik uitbeeld.

**Aanbevole hulpbronne en LOOM:**
- Vorige vraestelle
- Kontemporêre ontwerptydskrifte – beide Suid-Afrikaans en internasionaal
- Die internet, bv. http://www.studiodror.com/html/work/architecture/relief-housing/
- Voorgeskrewe handboeke
- Enige ander beskikbare hulpbronne

**Vorige vraestelle kan op die volgende webtuistes gevind word:**

http://www.education.gov.za/Examinations/PastExamPapers/tabid/351/Default.aspx
www.ecexams.co.za
www.designvisualarts.co.za

**Bykomende inligting oor die eksamen:**
- Die eksamen word ekstern geassesseer en gemodereer.
- Die eksamen word volgens nasionale nasienriglyne geassesseer.
- Leerders moet bewus gemaak word van moeilike terminologie, sosiale/maatskaplike en omgewingskwessies, en aannames en vooroordele met betrekking tot die ontwerpe/ontwerpers wat hulle bestudeer.
- Gereelde besoeke aan kontemporêre uitstallings en ontwerpstudio's word sterk aanbeveel.
- Waar besoeke onmoontlik is (bv. skole in landelike gebiede), moet koerantresensies, die internet, die plaaslike omgewing, ens. gereeld geraadpleeg word.
- **LET WEL:** Onderwysers moet hulle eie versameling projekopdragte, klasnotas, verwysingsboeke, katalogusse en tydskrifte, foto's, skyfies, video's, ens. gebruik om waardevolle onderrig- en leerondersteuningsmateriaal vir die teoretiese inhoud en praktiese vaardighede wat deur die nuwe Ontwerp-kurrikulum vereis word, te verskaf.

**Assessering van leerders se vermoë om voorbeelde van ontwerp te ontleed en daarop te reageer:**

| PRESTASIE-KODE | ONDERWERP 3: ONTWERP IN KONTEKS | ✓ |
|---|---|---|
| **7**<br>**Uitstaande**<br>**80–100%** | Toon uitstaande vermoë om op ontwerpe te reageer en dit te ontleed met betrekking tot hulle kulturele, sosiale/maatskaplike, politieke en historiese konteks.<br>Toon uitstaande vermoë in die gebruik van gepaste ontwerptegnologie.<br>Toon buitengewoon goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van ontwerp.<br>Toon uitstaande insig, begrip en gebruik uiteenlopende benaderings. | |
| **6**<br>**Uitstekend**<br>**70–79%** | Toon goed ontwikkelde vermoë om op ontwerpe te reageer en dit te ontleed met betrekking tot hulle kulturele, sosiale/maatskaplike, politieke en historiese konteks.<br>Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste ontwerp-terminologie.<br>Toon hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van onwerp.<br>Toon uitstekende insig en begrip. | |
| **5**<br>**Goed**<br>**60–69%** | Toon goeie vermoë om op ontwerpe te reageer en dit te ontleed met betrekking tot hulle kulture, sosiale/maatskaplike, politieke en historiese konteks.<br>Toon goeie bevoegdheid in die gebruik van gepaste ontwerpterminologie.<br>Toon goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van ontwerp.<br>Toon 'n goeie vlak van insig en begrip. | |
| **4**<br>**Gemiddeld**<br>**50–59%** | Toon gemiddelde vermoë om op ontwerpe te reageer en dit te ontleed met betrekking tot hulle kulturele, sosiale/maatskaplike, politieke en historiese konteks.<br>Toon gemiddelde bevoegdheid in die gebruik van gepaste ontwerp-terminologie.<br>Toon bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van ontwerp.<br>Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip. | |
| **3**<br>**Voldoende**<br>**40–49%** | Toon voldoende vermoë om op ontwerpe te reageer en dit te ontleed met betrekking tot hulle kulturele, sosiale/maatskaplike, politieke en historiese konteks.<br>Toon voldoende bevoegdheid in die gebruik van gepaste ontwerp-terminologie.<br>Toon voldoende skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van ontwerp. | |
| **2**<br>**Elementêr**<br>**30–39%** | Toon slegs basiese vermoë om op ontwerpe te reageer en dit te ontleed met betrekking tot hulle kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks.<br>Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste ontwerpterminologie.<br>Toon basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die bestudering van ontwerp. | |
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0–29%** | Toon min of geen vermoë om op ontwerpe te reageer of dit te ontleed met betrekking tot hulle kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks nie.<br>Toon baie beperkte vermoë in die gebruik van gepaste ontwerp-terminologie.<br>Toon beperkte skryf- en navorsingsvaardighede i die bestudering van ontwerp.<br>Toon min of geen begrip of insig nie. | |

**PRAKTIES:**

**4.2 VRAESTEL 2: Praktiese Eksamen (Onderwerp 1 en 2)**

| | |
|---|---|
| **TYD:** | Onderwerp 1: Praktiese proses/voorbereiding by die skool en/of tuis in Kwartaal 3<br>Onderwerp 2: Praktiese produk gemaak onder toesig, slegs by die skool en in ongeveer 24 uur (ten minste 12 uur, maar nie langer as 24 uur nie) |
| **AANVANG:** | Sal deur die DBE vasgestel word. |
| **SPERDATUM:** | Sal deur die DBE vasgestel word. |

Hierdie praktiese eksamen bestaan uit EEN vraestel met twee opsionele onderwerpe. Leerders moet EEN van die twee onderwerpe kies. Die tema sal 'n breë tema met 'n oop einde wees om diverse oplossings in die verskillende spesialisdissiplines moontlik te maak.

Die vraestel bestaan uit TWEE dele:
- Die Eksamenwerkboek/-prosesboek (Onderwerp 1) (50 punte)
- Die finale praktiese-eksamenproduk (Onderwerp 2) (50 punte)

Die leerder moet EEN van die volgende kategorieë kies:
- Visuele kommunikasie/inligtingsontwerp en digitale ontwerp
- Oppervlakontwerp en tweedimensionele kunsvlytontwerp
- Produkontwerp en driedimensionele kunsvlytontwerp
- Omgewingsontwerp

**RIGLYNE (INSTRUKSIES VIR DIE ONDERWYSER)**

**AFDELING A: PROSESBOEK/WERKBOEK (Onderwerp 1) [50]**
- Die onderwyser mag die leerders **lei** in die keuse van ontwerpopdrag in AFDELING A. Die onderwyser mag **die leerders met diskresie lei** in hulle keuse van ontwerpveld, -proses en -tegnieke wat in AFDELING B gebruik word.
- Moedig die leerders aan om soveel verskillende interpretasies en opsies as moontlik te ondersoek. Monitor en lei die leerders terwyl hulle oor die tema navorsing doen.
- Omdat Onderwerp 1 dieselfde gewigswaarde as Onderwerp 2 (die finale produk) het, moet genoeg tyd daaraan bestee word om die belangrikheid daarvan gestand te doen.
- Die onderwyser mag leerders tydens hierdie voorbereidende sessie help. Omdat Onderwerp 1 voorbereidend van aard is, mag leerders toegelaat word om tuis daaraan te werk.
- Die Prosesboek/Werkboek gee insig in die manier waarop die leerders idees vorm, hoeveel alternatiewe hulle ondersoek en ander prosesse wat tot die finale werk lei. Die Prosesboek/Werkboek moet alle denkprosesse tydens die maak van die finale produk duidelik kommunikeer.
- Dit is belangrik om direkte kopiëring uit tydskrifte, vanaf die internet, ens. te verbied. Direkte kopiëring van 'n beeld of ontwerp wat nie die leerder se eie is nie, moet gepenaliseer word. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar. Die proses van **transformasie** van die bronmateriaal moet beklemtoon word.
- Sketse, posseëlsketse, konseptuele tekeninge en/of tonale tekeninge is 'n **verpligte** deel van die ontwerpproses (Onderwerp 1).
- Die Prosesboek/Werkboek moet maklik kan oopmaak en bladsye hê wat maklik omblaai. Dit moet van ligte materiaal gemaak word om vervoer te vergemaklik, indien nodig.

- Alle prosesse/voorbereidende werk vir die ontwerp moet in 'n Prosesboek/Werkboek aangebied word (A3-grootte word aanbeveel). Dit moet insluit:
  - Die proses van konseptualisering tot realisering
  - Bewyse van navorsing, vrugbare idees/ontwikkelingskonsepte (bv. posseëlsketse ('thumbnail sketches'), stemmingsborde ('mood boards'), een A3 of twee A4)
  - Bewyse van beplanning wat met die ontwerpopdrag verband hou (kan storieborde, sketse, posseëlsketse, konseptuele tekeninge, tonale tekeninge, beplanningsketse ('scamps'), makette (skaalmodelle) OF prototipes van die finale konsep wees
  - Bewyse van eksperimentering met verwysing na die ontwerpopdrag
  - Bewyse van beplanning van die finale uitstalling se uitleg
- Die Prosesboek/Werkboek met individualiteit en kreatiwiteit weerspieël.
- Maak seker dat die Prosesboek/Werkboek professioneel aangebied word.

**AFDELING B: PRODUK (Onderwerp 2) [50]**

- Alle Onderwerp 1-werk moet voor die aanvang van die Onderwerp 2-eksamenwerk voltooi en gereed wees. Leerders mag die Onderwerp 1-prosesboek/werkboek as verwysing tydens hulle Onderwerp 2-eksamen gebruik. Beide Onderwerp 1- en Onderwerp 2-eksamenwerk moet onmiddellik na die voltooiing van die Onderwerp 2-eksamen aan die eksamenbeampte/onderwyser oorhandig word. Hierdie datum sal deur elke provinsie in 'n amptelike brief gekommunikeer word.
- Die onderwyser mag die kandidaat OP GEEN MANIER tydens die finale produksie van die ontwerp help nie (Onderwerp 2).
- Alhoewel aanbeveel word dat 'n tweedimensionele ontwerp NIE groter as A2-grootte moet wees nie, is leerders se werk **nie ten opsigte van grootte beperk nie**. Dit moet egter 'n aansienlike hoeveelheid werk vorm wat ten minste 12 uur en nie meer as 24 uur se werk nie, verteenwoordig.
- Die grootte van 'n twee- of driedimensionele ontwerp sal van die funksie van die voorwerp wat gemaak word, afhang. Hou in gedagte dat die finale produk in sommige provinsies vir uitstalling/nasiendoeleindes na 'n sentrale nasiensentrum vervoer sal moet word.
- Onderwerp 2 moet by die leerder se eksamensentrum of geregistreerde kuns- en ontwerpsentrum onder toesig van die skoolonderwyser of 'n toesighouer gedoen word.
- Onderwerp 2-werk moet NIE tuis gedoen word NIE en moet NIE uit die eksamenlokaal geneem word NIE.
- Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat of gekoopte werk sal streng gepenaliseer word.
- 'n Verklaring van egtheid moet deur elke kandidaat voltooi word (BYLAE A).
- Werk moet deurlopend tydens kontaktyd of tydens, bv. vier opeenvolgende dae vir 6 uur elk gedoen word. Dit kan met die skool onderhandel word.
- Elke provinsie sal die proses om Onderwerp 1 (Prosesboek/Werkboek) en Onderwerp 2 (finale produk) na te sien, bepaal. Die provinsies sal die skole inlig oor die datum, tyd, en lokaal vir die inlewering van werk aan die eksamensentrums, indien van toepassing.
- Die eksamenwerk vir Onderwerp 1 moet professioneel in 'n Prosesboek/Werkboek aangebied word.
- Onderwerp 1 en Onderwerp 2 moet netjies en duidelik gemerk word. Skrif moet leesbaar wees.
- Sluit BYLAE A by Onderwerp 1- en Onderwerp 2-werk in.
- Moenie die eksamen se Onderwerp 1 en Onderwerp 2 met PAT'e 1, 2 prakties (jaarwerk) verwar of meng nie.
- Hou by die puntetoekenning wanneer nagesien word.

## ASSESSERINGSKRITERIA

### AFDELING A: PROSESBOEK/WERKBOEK

| KRITERIA | |
|---|---|
| **Uitdrukking van intensie en rasionaal:** Hou 'n dinkskrum of doen 'n breinkaart van idees om die tema en die bedoeling van die opdrag te ondersoek. Ontwikkel 'n konsep. 'n Rasionaal moet verskaf word om die ontwerpoplossing wat gevind is, te bekragtig. | **20** |
| **Bewyse van navorsing, eksperimentering:** Bestudeer die opdrag en vind relevante bronmateriaal (visuele verwysings). Toon bewyse van navorsing deur 'n paar miniatuursketsies van idees te voltooi. Ontwerp 'n paar verskillende oplossings om die opdrag te ondersoek. Bewyse van eksperimentering, bv. 'n stemmingsbord moet sigbaar wees. | **20** |
| **Gedetailleerde beplanning**: Generatiewe tekeninge moet 'n verskeidenheid oplossings vir die opdrag ondersoek (verskillende tegnieke en materiale). Die ontwikkeling van tekenvaardighede behoort duidelik te wees. | **20** |
| **Bewyse van finale tekening/collage/maket/prototipe**: Toon bewys van die finale ontwerpoplossing in die vorm van 'n gedetailleerde, geannoteerde tekening/ collage/makette/prototipe, ens. Verkenning van verskillende materiale en tegnieke moet aangemoedig word. Weerspieëling van die proses moet duidelik blyk. | **20** |
| **Aanbieding**: Die aanbieding van die bronboek word deeglik oorweeg. Hierdie proses moet kreatief aangebied word. | **10** |
| **Navorsing: Ontwerp in 'n Besigheidskonteks** | **10** |
| **TOTAAL** | **100** |

### AFDELING B: DIE FINALE PRODUK

| KRITERIA | |
|---|---|
| Kreatiwiteit/Oorspronklikheid/Interpretasie ten opsigte van die konsep en oplossing(s) wat betrekking het op die opdrag | 20 |
| Bewyse van ontwerpbetrokkenheid: die gepaste gebruik van ontwerp-elemente en -beginsels | 20 |
| Tegniek/Vakmanskap/Metode | 20 |
| Tydbestuur. Bewyse van en gebruik van beskikbare tyd om die produk te voltooi | 20 |
| Professionele aanbieding en funksionaliteit van die finale ontwerpoplossing | 20 |
| **TOTALE** | **100** |

**LET WEL: Verwys na die PAT-riglyne vir 'n gedetailleerde opsomming.**

### 4.3 Retrospektiewe uitstalling

**LET WEL:**

- PAT 1 en PAT 2 moet vir die retrospektiewe uitstalling gebruik word. Waar van toepassing, moet EEN graad 11-werk (wat baie goed is) by die uitstalling ingesluit word.
- Die uitstalling moet 'n goed deurdagte uitstalling wees wat deur die leerder beplan en opgestel word. Die uitstalling moet professioneel uitgelê word en die werk moet op 'n samehangende, eenvoudige, dog esteties aangename wyse aangebied word. Wees versigtig om nie onnodige rekwisiete te gebruik nie. Die ekonomiese gebruik van materiaal word aanbeveel. Die uitstalling kan ook digitaal aangebied word as 'n PowerPoint-aanbieding. Verwys na PAT 2021 vir 'n meer gedetailleerde uiteensetting.

**Hierdie uitstalling sal deur die onderwyser nagesien en dan deur provinsiale moderators gemodereer word.**

**Verwys na bladsy 15 van PAT 2021: Rubrieke en Beskrywers vir assessering.**

**ASSESSERINGSKRITERIA VIR PRAKTIESE WERK**

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90–100 | Uitsonderlike vermoë, rykheid, goeie insig, vlot, hoë vaardigheidsvlak, waarneming en kennis kragtig uitgedruk, ondersteun deur 'n hoogs oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings: **uitstaande en oorspronklike aanbieding.** |
| **Uitstekend** | 80–89 | Treffende impak, die meeste van bogenoemde, gedetailleerd, goed georganiseer en samehangend, afgewerk, vaardigheid duidelik, ondersteun deur oorspronklike/ongewone/relevante visuele verwysings, aanbieding is oorspronklik en deurdag: **'n paar klein gebreke sigbaar**. |
| **Baie goed** | 70–79 | Goed georganiseerd, soos hierbo, maar sonder die 'gloei en sprankel', goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud, ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele bronne, duidelike sorg en moeite gedoen met oorspronklike aanbieding: **'n paar duidelike teenstrydighede/foute sigbaar**. |
| **Goed** | 60–69 | Interessante visuele aanbieding, duidelike bedoeling, oortuigend, eenvoudige en direkte gebruik van medium, toon begrip maar neig na die gewone en stereotipiese oplossings met tye, genoegsame keuse van relevante visuele verwysings, redelike moeite gedoen met aanbieding: **steurende/duidelike teenstrydighede**. |
| **Gemiddeld** | 50–59 | Voldoende, voel meganies, afgelei of gekopieer, min insig, verbeeldingloos, sommige visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie, billike aanbieding: **baie steurende teenstrydighede**. |
| **Ondergemiddeld** | 40–49 | Genoeg materiaal/werk om te slaag, nie logies saamgestel nie, 'n paar flitse van insig, beperkte versameling inligting, swak tegniese vaardighede mag 'n bydraende faktor wees, min gebruik van visuele inligting, lomp of nalatige aanbieding: **benodig ondersteuning/motivering om te slaag**. |
| **Swak** | 30–39 | Visueel oninteressant, onkreatief: beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik, minimale poging om inligting aan te bied op 'n aanvaarbare wyse, min of geen visuele inligting/verwysing, algemene gebrek aan toewyding: **benodig ondersteuning/motivering om te slaag**. |
| **Baie swak: Slaag nie** | 20–29 | Baie min inligting, deurmekaar, nie maklik om waar te neem met **min of irrelevante werk/visuele inligting**. Geen poging is aangewend om werk op 'n aanvaarbare wyse aan te bied nie. Algemene gebrek aan toewyding/samewerking. |
| **Onaanvaarbaar: Slaag nie** | 0–19 | Onsamehangend, **irrelevant, baie min of geen werk**, gebrek aan selfs beperkte vaardighede toegepas. Geen betrokkenheid/samewerking. |

## HOOFSTUK 5: ALGEMENE VAKINLIGTING

### 5.1 Verduideliking van terminologie

**Ontwerpgeletterdheid:** Die eerste vlak van ontwerpgeletterdheid is eenvoudige **kennis**: basiese uitkenning van die elemente en beginsels in 'n ontwerp. Maar, alhoewel akkurate inligting belangrik is, is dit net so belangrik om te **verstaan** wat ons sien en visuele verhoudings in hiërargie te **verstaan**. Hierdie hoërvlak-geletterdheidsvaardighede vereis kritiese denke.

**Formele analise/ontleding:** 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele elemente van ontwerp soos lyn, fatsoen, vorm, tekstuur en kleur en beginsels soos eenheid en verskeidenheid, kontras, balans, verhouding, beweging, ens. in 'n ontwerp.

Die volgende is 'n paar sleutelbegrippe wat leerders moet verstaan en kan identifiseer en verduidelik in ongesiene ontwerpe:

Elemente van ontwerp:
- Lyn (verskillende lyneienskappe, kontoerlyne, ens.)
- Fatsoen en vorm (positiewe en negatiewe fatsoene, organies en nie-organies)
- Tonale waardes (gebruik van lig en skadu)
- Tekstuur (geïmpliseerde en taktiele tekstuur)
- Kleur (kleurteorie, bv. primêre, sekondêre, komplementêre, tersiêre, monochromatiese, koel en warm kleure en hulle invloed op 'n ontwerp)
- Ruimte (lyn en ruimtelike perspektief)

Beginsels van ontwerp:
- Eenheid en verskeidenheid
- Patroon
- Balans
- Ritme
- Beweging
- Verhouding
- Klem/Beklemtoning
- Kontras
- Komposisie en fokuspunt

Verskillende velde of kategorieë van ontwerp (visuele kommunikasie/inligtingsontwerp en digitale ontwerp, oppervlakontwerp en tweedimensionele kunsvlytontwerp, produkontwerp en driedimensionele kunsvlytontwerp, omgewingsontwerp)

**LET WEL:** Enige twee- of driedimensionele kunsvlytontwerp wat slegs op kunsvlytprosesse soos decoupage, ens. vir dekoratiewe doeleindes gebaseer is, sal NIE aanvaar word nie.

**Ander terminologie:**
Daar word van leerders verwag om teen die einde van graad 12 'n uitgebreide ontwerp-woordeskat tot hulle beskikking te hê. Onderwysers word aangemoedig om 'n woordelys uit te deel en seker te maak dat leerders hierdie terme ken en verstaan. Ontwerpterme wat verband hou met die ontwerpgeskiedenis-bewegings en wat in kontemporêre ontwerptydskrifte gebruik word, moet deel word van die woordeskat wat hulle gebruik wanneer hulle oor ontwerpe skryf en wanneer hulle hul eie ontwerpe bespreek. Hierdie terme moet ook in die opstel van toetse en eksamens gebruik word.

## 5.2 Hulpbronne

- Gereelde, deurlopende besoeke aan en besprekings oor kontemporêre uitstallings word sterk aanbeveel.
- As besoeke nie moontlik is nie (bv. skole in landelike gebiede), moet koerantresensies, die internet, groot drukstukke van ontwerpe, CD's, televisieprogramme, asook uitgenooide ontwerpers gereeld geraadpleeg word.
- Daar sal van leerders verwag word om met **ten minste een** onlangse plaaslike uitstalling vertroud te wees.
- **LET WEL:** Onderwysers moet hulle eie versameling klasnotas, verwysingsboeke, katalogusse en tydskrifte, foto's, skyfies, video's, ens. versamel en gebruik om waardevolle ondersteunende onderrig- en leermateriaal vir die teoretiese inhoud en praktiese vaardighede wat deur die Ontwerp-kurrikulum vereis word, te verskaf.
- Alle onderwysers word aangemoedig om hulpbronne in groepe of distrikte te deel en te ontwikkel sodat die werkslading en inligting gedeel kan word.

### 5.2.1 LOOM

- Handboeke wat deur die DBE goedgekeur is.
- Verbande moet getrek word tussen internasionale en Suid-Afrikaanse ontwerp met betrekking tot invloede en ooreenkomste in, bv. styl, tegniek, benadering, inhoud en konteks om globale ontwerp en neigings te verstaan.
- Die klem op Ontwerpgeletterdheid maak hierdie 'n dinamiese en interaktiewe vak. Leerders moet gelei word om aktief deel te neem deur middel van vrae, besprekings, debatte, speletjies en ander interaktiewe aktiwiteite. Gebruik Ontwerpgeletterdheid om leerders se praktiese werk te versterk.
- Die klem moet op visuele beelde wees om die wisselwerking tussen ontwerp en die samelewing te toon. Die wys van visuele beelde in die vorm van skyfies, PowerPoint-aanbiedings, fotostate, DVD's, videosnitte, ens. is noodsaaklik en leerders moet betrokke wees by hierdie beelde in die klas.
- Gee aan leerders baie geleenthede om oor ontwerp te skryf, hul skryfvaardighede te ontwikkel en ontwerpterminologie te gebruik. Hierdie geskrewe werk hoef nie in die vorm van lang navorsingsopstelle te wees nie, maar kan korter, meer gereelde take wees (bv. skryf oor ontwerpe gesien by 'n uitstalling, 'n ontleding van 'n onbekende voorbeeld(e), leerders se eie voorbeelde, werkopdragte, flitskaarte).
- Moedig leerders aan om formele en informele ontwerpuitstallings te besoek, te lees en resensies van uitstallings te versamel, deur ontwerptydskrifte, katalogusse en boeke te lees en te kyk en navorsing op die internet te doen.

**LOOM (onderworpe aan beskikbaarheid)**

- Enige ontwerptydskrif, bv. *House and Leisure, World of Interiors, Visi, Elle Deco*.
- *Craft Art in South Africa* (Elbe Coetsee)
- *Creative Craft South Africa* (Departement van Kuns en Kultuur)
- *Design Basics* (David A Lauer)
- *Design Culture Now* (Steven Skov Holt)
- *Inspiring designers: a sourcebook* (Paul Rodgers)
- *Paperwork and more paperwork* (Nancy Wiliams)
- Pepin Press vir boeke oor verpakking, konstruksie en tekstiel, en patroonontwerp
- Die Taschen-reeks ontwerpboeke bekend as Taschen 25, bv. *Signs*, *1000 chairs*, *Packaging design now!*, *1000 record covers*, *Design of the 20$^{th}$ century*, *Sixties design*, *The world of ornament*, *Architecture now!*, *Fashion: a history from the 18$^{th}$ to the 20$^{th}$ century*, *Art Nouveau*, *Indian style*, *Mexican style*.
- Handboeke deur die DBE goedgekeur
- *The New Design Source book* (Penny Sparke, et al.)
- Woolworths se *Making the Difference through Design Daily*-hulpbronboek

### 5.2.2 Nuttige webtuistes

Die volgende is 'n paar verskeie nuttige navorsingswebtuistes vir Ontwerp (baie meer kan met behulp van soekenjins gevind word):

- www.pinterest.com
- www.yatzer.com
- www.dezeen.com
- www.itsnicethat.com
- www.underconsideration.com/fpo
- www.ineedaguide.blogspot.com
- www.lostateminor.com
- www.coutequecoute.blogspot.com
- www.antwerp-fashion.be
- www.logopond.com
- www.thedieline.com
- www.designtimes.co.za/search
- https://zapier.com/blog/mind-mapping-tutorial/http://lifehacker.com/how-to-use-mind-maps-to-unleash-your-brains-creativity-1348869811
- https://www.sdate.edu/sites/default/files/2017-07/service_learning_reflection_hand-out.pdf
- https://qqq.thegraphicdesignschool.com/blog/mind-maps-for-graphic-design-ideas-generation-techniques
- www.illumine.co.uk/resources/mind-mapping/using-mind-maps-effectively/mind-mapping-for-creativity-and-creative-problem-solving/
- www.designindaba.com
- www.designmagazine.co.za and http://www.designmagazine.co.za/designed.shp
- www.davidkrut.com
- www.designmuseum.org
- www.iziko.org.za/
- www.100percentdesign.co.uk/page.cfm/Link=1/t=m/goSection=1
- www.studiomuti.co.za
- www.studiodror.com/html/work/architecture/relief-housing/
- www.behance.com

## HOOFSTUK 6: TOETSVORMS EN NASIENRIGLYNE

### 6.1 Toetsvorms

- Informele, kort opstelle/besinnings en vrae wat met praktiese werk verband hou
- Gee vrae oor geselekteerde tekste wat met ontwerp verband hou en kommentaar deur ontwerpers om bestudeer en beantwoord te word
- Stel vasvra-vrae op vir 'n prettige benadering tot leer
- Visuele begrip van Suid-Afrikaanse ontwerpe in galerye/versamelings/studio's/by geleenthede (bv. die Ontwerp-indaba, Toffie Pop-kultuurfees en -ontwerpkonferensie, Aiga-ontwerpkonferensie)
- Stel formele navorsingsopstelle op om skryf- en navorsingstegnieke te toets en te ontwikkel
- Werkboek-/Joernaalprojekte wat navorsing en ontleding/analise vereis
- Lesse wat deur leerders in die klas en deur PowerPoint-aanbiedings aangebied word

### 6.2 Algemene riglyne vir nasien

- Die nasiener moet die vraestel aandagtig deurlees en sleutelinstruksies in vrae onderstreep/omkring voor nagesien word.
- Gebruik die nasienriglyne as 'n gids, maar dit is in baie gevalle **BAIE BELANGRIK** dat die leerder in ag geneem word. Leerders moet punte ontvang as hulle hulle eie opinies en idees in antwoorde gebruik. Krediet moet ook vir laterale denke gegee word. Dit is egter belangrik dat argumente en stellings goed beredeneerd en gekwalifiseer word deur verwysings na spesifieke faktore.
- Inligting en ontwerpwerke wat in een antwoord bespreek word, moet nie krediet ontvang as dit in 'n ander antwoord herhaal word nie.
- Leerders moet die naam van die ontwerper en die titel van elke ontwerpwerk noem, waar van toepassing, EN DIT MOET ÓF IN AANHALINGS GEPLAAS WORD ÓF ONDERSTREEP WORD.
- Leerders moet al hulle antwoorde in VOLSINNE of PARAGRAWE gee, waar van toepassing. Puntsgewyse antwoorde kan nie volpunte verdien nie.
- Krediet moet gegee word vir deurdagte, kreatiewe en persoonlike antwoorde. Wees op die uitkyk vir ingeligte persoonlike dialoog, eerder as 'n 'akademiese stortvloed' en inligting wat uit notas geneem is.
- Nasieners moet na die Ontwerprubriek verwys as 'n riglyn om hulle te help om die vlakke van prestasie te assesseer.
- Die belangrikste riglyn is om leerders te beloon vir hulle kennis, vaardighede en hulle vermoë om ontwerpwerke en insig in hulle historiese konteks op die vlak van 'n graad 12-leerder te interpreteer.
- Lewer gedetailleerde kommentaar op die eksamen terwyl nagesien word.
  - Hierdie kommentaar sal in die terugvoering aan leerders gebruik word. Terugvoering aan leerders is noodsaaklik. Onderwysers moet kennis neem van algemene foute en dit in die terugvoering aan leerders gebruik. Terugvoering maak eksamens 'n waardevolle leerinstrument.
  - Tydens die nasien van die eksamen, moet onderwysers hulle eie vaardigheid in die opstel van vraestelle evalueer. As die meeste leerders nie 'n vraag kon antwoord nie, moet onderwysers hulself vra of die antwoord duidelik was, en of dit op 'n ander manier geformuleer kan word. Wees eerlik en gebruik hierdie inligting in die volgende eksamen.
  - Wanneer onderwysers eksamens opstel, toets hulle ook hulle eie onderwys vaardighede. Die nasien van 'n eksamen sal areas in ʼn onderwyser se onderrig wat aandag nodig het, uitwys. Gebruik hierdie inligting.

**BYLAE A**

<table>
<tr><td colspan="3">VERKLARING VAN EGTHEID<br><br>Hiermee word verklaar dat hierdie eksamen onder toesig van die Ontwerp-onderwyser gedoen is. Hierdie verklaring sertifiseer dat alle werk wat ingelewer is, oorspronklik en die werk van die leerder is.</td></tr>
<tr><td>Leerder</td><td colspan="2"></td></tr>
<tr><td>Skool</td><td colspan="2"></td></tr>
<tr><td>Distrik</td><td colspan="2"></td></tr>
<tr><td colspan="3">Onderwerp 1/Onderwerp 2 (Kies en omkring slegs EEN.)</td></tr>
<tr><td></td><td>Handtekening</td><td>Datum</td></tr>
<tr><td>Leerder</td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>Onderwyser</td><td></td><td></td></tr>
<tr><td>Skoolhoof</td><td></td><td></td></tr>
<tr><td colspan="3">Skoolstempel</td></tr>
</table>

## BYLAE B

## RUBRIEK VIR DIE RETROSPEKTIEWE UITSTALLING

| **Beskrywers vir retrospektiewe uitstallings om assessering te lei** | **Assesserings-kriteria 1: Kreatiwiteit/ Oorspronklik-heid/ Interpretasie in terme van die konsep en oplossings wat relevant is vir die opdrag** | **Assesserings-kriteria 2: Ontwerpbetrok-kenheid by elke PAT. Gedetailleerde beplanning in Prosesboek. Gepaste gebruik van ontwerp-elemente en beginsels en materiale**. | **Assesserings-kriteria 3: Tegniek/ Vakmanskap/ Metode/ Bekwaamheid wat in elke PAT vertoon word, asook tydens die aanbieding van die uitstalling** | **Assesserings-kriteria 4: Tydsbestuur/ Bewyse van ontwerp-ontwikkeling in die aanbieding van 'n aansienlike, samehangende groep werke** | **Assesserings-kriteria 5: Holistiese en professionele aanbieding van die uitstalling. Gebruik en relevansie van materiale vir die algemene tema. Visuele funksionaliteit en genotvolle impak op die kyker.** |
|---|---|---|---|---|---|
| **90%–100%**<br><br>**1. Uitstaande** vermoë wat diepte, insig en 'n vloeiende uitstalling toon. Hoë vaardigheid, waarneming en kennis word kragtig uitgedruk deur uitstekende, oorspronklike ontwerpoplossings in 'n samehangende werk te vertoon. | Uitstaande kreatiwiteit/ oorspronklikheid/ interpretasie in terme van die konsep en oplossings wat relevant is vir al die PAT'e. | Uitstaande bewys van ontwerp-betrokkenheid by elke PAT.<br>Bewyse van gedetailleerde beplanning en toepaslike gebruik van ontwerp-elemente, beginsels en materiale tydens die aanbieding van elke PAT. | Uitstaande tegniek/ vakmanskap/ metode/ bekwaamheid wat in elke PAT ten toon gestel word, asook tydens die aanbieding van die uitstalling. | Uitstaande bestuur/bewyse van progressiewe ontwerp ontwikkeling in die aanbieding van 'n wesenlike, samehangende werk.<br>Die uitstalling lees as 'n uitstekende, samehangende werk. ALLE PAT'e is voltooi. | Uitmuntende, oorspronklike en professionele aanbieding van die Retrospektiewe Uitstalling. Die tentoonstelling stal vertoon-materiaal uit wat relevant is vir die algemene tema van die uitstalling. Elke PAT, tesame met die uitstalling, word aangebied met uitstaande visuele funksionaliteit en 'n genotvolle impak op die kyker. |
| **80%–89%**<br><br>**2. Uitstekende**, opvallende, treffende werk wat die meeste van die bogenoemde toon, met enkele geringe foute. Goed georganiseerde, gedetailleerde en samehangende werk wat afgerond word met 'n duidelike vaardigheid. Die uitstalling word ondersteun deur 'n oorspronklike/ ongewone/relevante ontwerpoplossing. | Uitstekende kreatiwiteit/ oorspronklikheid/ interpretasie in terme van die konsep en oplossings wat relevant is vir die PAT'e. | Uitstekende bewys van ontwerp-betrokkenheid by elke PAT. Bewyse van gedetailleerde beplanning en toepaslike gebruik van ontwerp-elemente, beginsels en materiale tydens die aanbieding van elke PAT. | Uitstekende tegniek/ vakmanskap/ metode/ vaardigheid wat gebruik word tydens die aanbieding van die uitstalling. | Uitstekende bestuur/bewyse van progressiewe ontwerp-ontwikkeling in die aanbieding van 'n aansienlike, samehangende werk. ALLE PAT'e is voltooi. | Professionele aanbieding en funksionaliteit van die uitstalling aan die kyker. Die uitstalling lees as 'n samehangende werk met min teenstrydighede. Uitstekende en oorspronklike aanbieding van die Retrospektiewe Uitstalling. |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **70%–79%**<br><br>**3. Baie goed,** goed georganiseerd, soos hierbo, maar het geen impak nie.<br>Enkele duidelike teenstrydighede/foute is duidelik.<br>Goeie vlak van bekwaamheid en keuse van inhoud wat ondersteun word deur relevante ontwerpprosesse en oplossings. Goeie organisasie en samehangende werk; vaardigheid is duidelik; ondersteun deur 'n oorspronklike/ ongewone/relevante ontwerpoplossing; aanbieding oorspronklik en deurdag. | Baie goeie kreatiwiteit/ oorspronklikheid/ interpretasie in terme van die konsep en oplossings wat relevant is vir die PAT'e. | Baie bevredigende ontwerp-betrokkenheid by elke PAT. Bewyse van gedetailleerde beplanning en toepaslike gebruik van ontwerpelemente, beginsels en materiale tydens die aanbieding van elke PAT. | Baie goeie tegniek/ vakmanskap/ metode/ vaardigheid om die uitstalling met foute aan te bied. | Baie goeie bestuur/bewyse van progressiewe ontwerp-ontwikkeling in die aanbieding van 'n goeie, samehangende werk wat geringe teenstrydighede het. ALLE PAT'e is volledig met enkele teenstrydighede.<br><br>. | Goeie aanbieding en funksionaliteit van die uitstalling aan die kyker. Die uitstalling lees in geheel as 'n goeie werk. Goeie aanbieding van die Retrospektiewe Uitstalling. |
| **60%–69%**<br><br>**4. Goeie**, interessante aanbieding wat duidelike doelstelling toon wat oortuigend is met eenvoudige ontwerpoplossings. Afleidende/ Ooglopende teenstrydighede. Voldoende vlak van bekwaamheid en keuse van inhoud wat ondersteun word deur relevante ontwerpprosesse en oplossings. Dit is duidelik dat daar moeite gedoen is met voldoende aanbieding. Voldoende organisasie en samehangende werk; vaardigheid is duidelik; ondersteun deur 'n oorspronklike/ ongewone/relevante ontwerpoplossing; aanbieding oorspronklik en deurdag. | Goeie kreatiwiteit/ oorspronklikheid/ interpretasie in terme van die konsep en oplossings wat relevant is vir die PAT'e. | Minder intense betrokkenheid by die ontwerp van elke PAT. Bewyse van gedetailleerde beplanning en toepaslike gebruik van ontwerpelemente, beginsels en materiale tydens die aanbieding van elke PAT. | Voldoende tegniek/ vakmanskap/ metode/ vaardigheid om die uitstalling met foute aan te bied. | Goeie bestuur/ bewyse van progressiewe ontwerp-ontwikkeling in die aanbieding van 'n samehangende werk wat 'n mate van teenstrydigheid het. ALLE PAT'e is volledig met 'n paar teenstrydig-hede. | Voldoende ontwerpproses en oplossing wat redelike inspanning toon met die aanbieding en funksionaliteit van die uitstalling aan die kyker. Die uitstalling lees in geheel as 'n voldoende hoeveelheid werk. |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **50%–59%**<br><br>**5. Gemiddelde,** bevredigende aanbieding wat meganies, afgelei of gekopieerd voel met min insig wat verbeeldingloos is. Die ontwerpproses en oplossings word nie altyd duidelik geïdentifiseer nie. Bevredigende vlak van bekwaamheid en keuse van inhoud. Bevredigende organisasie en samehangende werk; vaardigheid is duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ ongewone/toepaslike ontwerpoplossings; aanbieding oorspronklik en deurdag. Baie afleidende teenstrydighede. | Gemiddelde kreatiwiteit/ oorspronklikheid/ interpretasie in terme van die konsep en oplossings wat relevant is vir die PAT'e. | Bevredigende ontwerp-betrokkenheid by elke PAT. Bewyse van beplanning en toepaslike gebruik van ontwerpelemente, beginsels en materiale tydens die aanbieding van elke PAT. | Bevredigende tegniek/ vakmanskap/ metode/ vaardigheid wat gebruik word om die uitstalling met enkele gebreke aan te bied. | Gemiddelde bestuur/bewyse van progressiewe ontwerp-ontwikkeling in die aanbieding van 'n bevredigende groep werke wat soms teenstrydig-hede het. PAT'e is volledig. | Bevredigende ontwerpproses en oplossing wat redelike moeite toon met die aanbieding en funksionaliteit van die uitstalling aan die kyker. Die uitstalling lees as 'n bevredigende samehangende werk. |
| **40% – 49%**<br><br>**6. Ondergemiddeld**, lomp of onverskillig in die aanbieding. Die leerder het genoeg werk gedoen om 'n tentoonstelling wat nie logies gekonstrueer is nie, te slaag. Die tentoonstelling toon 'n paar flitse van insig, beperkte keuse van inligting, swak tegniese vaardighede met beperkte ontwerpprosesse en oplossings. Minimum vlak van bekwaamheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n relevante ontwerpproses en oplossing; min sorg en moeite gedoen met 'n bietjie aanbieding. Ondersteuning/ Motivering nodig om te slaag. | Minimale kreatiwiteit/ oorspronklikheid/ interpretasie in terme van die konsep en oplossings wat relevant is vir die PAT'e. | Baie min ontwerp-betrokkenheid by elke PAT. Bewyse van minimale beplanning en gebruik van ontwerpelemente, beginsels en materiale by die aanbieding van elke PAT. | Minimale tegniek/ vakmanskap/ metode/ vaardigheid gebruik in die aanbieding van die uitstalling wat foute toon. | Onder-gemiddelde bestuur/bewyse van ontwerp-ontwikkeling by die aanbieding van 'n gemiddelde hoeveelheid werk wat baie teenstrydighede het. PAT'e is onvolledig met groot teenstrydig-hede. | Minimale ontwerpproses en oplossing wat minimale inspanning toon met die aanbieding en funksionaliteit van die uitstalling aan die kyker. Die uitstalling lees as 'n bevredigende hoeveelheid werk wat minimale inspanning toon. |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **30%–39%**<br><br>**7. Swak**, visueel oninteressante aanbieding wat kreatiwiteit met 'n beperkte/swak tegniese vaardigheid kort. Daar is 'n geringe poging om inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied met min of geen ontwerpprosesse en oplossings nie. Dit toon 'n algemene gebrek aan toewyding en vaardigheid. Swak vlak van bekwaamheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n swak ontwerpproses en oplossing; min sorg en moeite gedoen vir die uitstalling. Swak organisasie en vaardigheid is duidelik; ondersteun deur swak ontwerpoplossings; aanbieding word nie goed oorweeg nie. Ondersteuning/ Motivering nodig om te slaag. | Baie min teken van kreatiwiteit/ oorspronklikheid/ interpretasie in terme van die konsep en oplossings wat relevant is vir die PAT'e.<br><br>. | Baie min ontwerp-betrokkenheid by elke PAT. Bewyse van swak beplanning en gebruik van ontwerpelemente, beginsels en materiale tydens die aanbieding van elke PAT. | Swak tegniek/ vakmanskap/ metode/ vaardigheid wat gebruik word in die aanbieding van die uitstalling wat groot foute toon<br><br>. | Swak bestuur/ bewyse van progressiewe ontwerp-ontwikkeling in die aanbieding van 'n groep swak werke wat baie teenstrydighede het. PAT'e is onvolledig en sommige werk ontbreek. | Beperkte ontwerpprosesse en oplossings wat min aandag gee aan die aanbieding en funksionaliteit van die uitstalling aan die kyker. Die tentoonstelling toon 'n swak hoeveelheid werk wat minimale inspanning toon. |
| **20%–29%**<br><br>**8. Baie swak, DRUIP**. Baie min inligting of irrelevante werk/ ontwerpproses en oplossing. Geen poging aangewend om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie. Swak vlak van bekwaamheid en keuse van inhoud; min sorg en moeite met min aanbieding. Swak organisasie en vaardigheid is duidelik sigbaar; ondersteun deur swak ontwerpoplossings; aanbieding word nie goed oorweeg nie. Algemene gebrek aan toewyding en tegniese vaardigheid. | Baie min teken van kreatiwiteit/ oorspronklikheid/ interpretasie in terme van die konsep en oplossings wat relevant is vir die PAT'e. | Baie min ontwerp-betrokkenheid by elke PAT. Bewyse van swak beplanning en gebruik van ontwerpelemente, beginsels en materiale tydens die aanbieding van elke PAT | Swak tegniek/ vakmanskap/ metode/ vaardigheid wat gebruik word in die aanbieding van die uitstalling wat groot foute toon. | Onvolledige en swak tydsbestuur wat min bewyse toon van progressiewe ontwerp-ontwikkeling in die aanbieding van 'n swak werk wat te veel teenstrydig-hede het. PAT'e is onvolledig en sommige take is nie gedoen nie of ontbreek. | Baie min moeite gedoen met die aanbieding en funksionaliteit van die uitstalling aan die toeskouer. Die tentoonstelling toon 'n swak hoeveelheid werk wat minimale inspanning toon. |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **0%–19%**<br><br>9. **Onaanvaarbaar, DRUIP.** Onsamehangend; irrelevant, baie min of geen werk nie; beperkte vaardighede word toegepas. Geen toewyding en tegniese vaardigheid nie. Swak vlak van bekwaamheid en keuse van inhoud; geen sorg en moeite gedoen met swak/ geen aanbieding nie. Baie swak organisasie en vaardigheid is duidelik; ondersteun deur swak ontwerpoplossings; aanbieding word nie goed oorweeg nie. | Geen teken van kreatiwiteit/ oorspronklikheid/ interpretasie in terme van die konsep en oplossings wat relevant is vir die PAT'e nie. | Gebrek aan/geen ontwerp betrokkenheid by elke PAT nie. Byna geen teken van beplanning en baie swak gebruik van ontwerp-elemente, beginsels en materiale tydens die aanbieding van elke PAT nie. | Baie swak tegniek/ vakmanskap/ metode/ vaardigheid gebruik in die aanbieding van die uitstalling wat groot foute toon. | Onvolledige PAT'e en swak tydsbestuur wat min of geen bewyse toon nie van progressiewe ontwerp-ontwikkeling in die aanbieding van 'n baie swak werk. | Baie min/geen moeite gedoen met die aanbieding en funksionaliteit van die uitstalling aan die kyker. Die tentoonstelling toon 'n swak hoeveelheid werk wat geen/ minimale inspanning toon. |
| **Retrospektiewe Uitstalling**<br><br>**TOTAAL: 50 punte** | **10 punte** | **10 punte** | **10 punte** | **10 punte** | **10 punte** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Naam van Kandidaat** | | | |
| **Eksamennommer** | | | |
| **Sentrumnommer** | | | |
| | Skoolpunt | | Gemodereerde punt |
| **Retrospektiewe Uitstalling**<br><br>**TOTAAL: 50 punte** | | | |
| Naam van onderwyser: | | Naam van moderator: | |
| Datum: | | Datum: | |
| Handtekening: | | Handtekening: | |

Kopiereg voorbehou